

16 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 28:1-20

Fokusgedeelte: Matteus 28:20

HK, Vraag 47

Jesus se hemelvaart: Is Hy vir altyd weg?

Pas na Jesus se opstanding uit die dood het Hy aan sy dissipels in Galilea verskyn en hulle uitgestuur om dissipels te maak van alle nasies en hulle te doop in die Naam van die drie-enige God. Hy voeg die troosvolle versekering daarby: "En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." Vraag 47 vra teen die agtergrond van Jesus se hemelvaart: "Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?" Die antwoord is positief. Ja, Hy is by ons tot die laaste dag toe, al het Hy opgevaar na die hemel.

Hoe is dit moontlik? Omdat Hy ware mens en ware God is en dus oor twee nature beskik. Al is Hy na sy menslike natuur nie meer op aarde nie, is Hy steeds na sy Godheid hier by ons. Daarvoor het Hy sy Heilige Gees aan ons gegee en met sy Heilige Gees sal Hy nooit van ons wyk nie. Deur sy Heilige Gees bemoedig Hy ons, versterk Hy ons, vertrouos Hy ons en werk Hy vernuwend in elkeen van sy kinders se lewens.

Jy is nooit alleen nie, nie in jou ouderdom en eensaamheid nie, nie wanneer jy swaarkry nie, nie in jou diepste beproewinge nie, nie wanneer jy onder 'n groot operasie moet gaan nie. Hy is altyd by jou, ook wanneer jy die grootste en moeilikste besluit van jou lewe moet neem en jy nie herwaarts of derwaarts weet nie. Onthou, Hy is daar. Bid tot Hom, Hy sal die weg op sy tyd wys.

God is by julle tot die voleinding van die wêreld!

Ds. Pieter J van der Walt (Bethlehem)

~~~~~